

Die Hart van ons Hemelse Vader! – Liefde

Verlosser, verlossing en verlos



Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.



'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Laaste paar weke se boodskappe:



Gehoorsaamheid bring verlossing – Gebed

**Jesus vir my,
Jesus vir jou,
Jesus vir almal en vir jy na Hom toe gan bring.**

Bruilofskleed

**Jesus:
Verlosser,
Verlossing gee,
Verloste kan leef.**

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Hoekom is ek hier?



NB! Jesus het nie op my opgegee nie.

My ouers, het ons van kleins af geleer om gereeld kerk toe te gaan, nie dienste gemis nie, was in die oggend en in die aand by die kerk. Bybel geles in die aand na ete om die tafel, gebed voor ons eet, my pa eers diaken toe ouderling, gehoor hoe my ouers gebed het, vir ons kinders....

My oupa (ma se pa) se voorbeeld, gereeld kerk toe gegaan, oggend opgestaan bybel geles en gebed, aande Bybel geles na ete, was betrokke by die kerk, ouderling.....

Gehoer hoe my oupa vir ons almal bid. Sy eie kinders, kleinkinders ander mense....

My ouma (pa se ma) pragtige mens wat die Here met alles in haar aanbid het, gereeld bybel geles gebed, kerk toe gegaan..

Ek glo van ons gemeente lede bid vir my ek weet die bejaarde tannies bid gedurig vir my, glo my ek kan dit voel
Ander kinders van die Here wat vir my bid op die stadium regoor die hele wereld.

Maar na al hierdie mooi getuienisse, **is daar iets wat ek ook moet doen.....**

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Die “Woord” van God!

Wie is God en Jesus!

1. Dawid se die Here is sy **rots**. (Skuilplek) Psm 18:3
Is die Here jou rots by wie jy skuil in tye van nood of probeer jy om jou eie lewe uit te sorteer!
2. Dawid vra God om hom te help om nie moedswillige sondes te doen nie (Verlosser en Leidsman) Psm 19
Is die Here jou Leidsman en Verlosser!
3. Dawid se en bely die Here is sy **Herder**. (Beskermer) Psm 23
Is die Here waarlik jou Herder op wie jy vertrou!
4. Dawid se in die more sal die Here sy **stem hoor**. (Bid) Psm 5
Vertrou jy die Here soos Dawid, deur gedurig tot God te bid!
5. Dawid se as die **Here die huis nie bou nie, bou** die wat daaraan bou tefergeefs. (Bybel Woord van God) Psm 127
Is jy besig om dit wat jy het saam met die Here volgens “**Sy Woord**” te bou jou geestelike lewe, huwelik, die manier hoe jy jou kinders grootmaak, jou finansies, jou gesondheid ens!
6. Dawid **sing lof psalms** en **sing en loof die Here**. (Dankbaar) Psm 145
Is jy dankbaar vir dit wat die Here vir jou gedoen het en nog gaan doen!

Die Hart van ons Hemelse Vader!

Verlosser - Matt 1:21

Emmanuel (God met ons) - Matt 1:23

Leidsman (Herder) - Matt 2:6

God se geliefde Seun - Matt 3: 16-17

Oorwinnaar - (Versoeker)Matt 4

- (Dood) Matt 20:19

Lig - Matt 4:16

Leermeester - Matt 5:3, Matt 4:17 (Na Doop Jesus begin preek)

Roeper - Matt 4:18-22 (Dissipels) Matt 9:9 (Matheus Tollenaar)

Geneesheer - Matt 4:23 (Galilea) Matt 8:1 (Melaatse)

Voorbeeld - Matt 4:24-25 (Berigte oor Jesus versprei)

Lewend Maker - Matt 9 Jairus se dogterjie

Voorsiener - Matt 4:14 Eerste vermeerdering van die vyf brode en twee vissies

- Matt 15:29 Tweede vermeerdering van die vyf brode en twee vissies



'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Om te leef in die wil van God is die veiligste plek om te wees!



Deu 30:16 Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.

Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.

Joh 14:23 Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.



'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Hoekom is ek hier?



Mat 5:3 Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Joh 3:3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.

Joh 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

Act 4:12 En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.

1Jo 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

1Jo 1:8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.

1Jo 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

1Jo 1:10 As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Hoekom is ek hier?



Act 2:38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.

Act 2:39 Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.

Mar 16:15 En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.

Mar 16:16 Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

Gal 3:27 want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed.

Mat 22:12 En hy sê vir hom: **Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruiufskleed aan?** En hy kon geen woord sê nie.

1Pe 1:15 Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,

1Pe 1:16 omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Hoekom is ek hier?



Mat 5:10 Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Mat 5:11 Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.

Mat 5:12 Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.

Mat 5:13 Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.

Heb 10:25 en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.

Psa 5:3 (5:4) In die môre, HERE, sal U my stem hoor; in die môre sal ek dit aan U voorlê en afwag.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Hoekom is ek hier?



Mat 8:19 En 'n sekere skrifgeleerde het gekom en vir Hom gesê: Meester, ek sal U volg waar U ook al mag gaan.

Mat 8:20 En Jesus sê vir hom: Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie.

Mat 8:21 En 'n ander een van sy dissipels het vir Hom gesê: Here, laat my toe om eers te gaan en my vader te begrawe.

Mat 8:22 Maar Jesus sê vir hom: Volg My, en laat die dooies hul eie dooies begrawe.

Mat 8:23 En toe Hy in die skuit klim, het sy dissipels Hom gevolg.

Mat 8:24 En daar het 'n groot storm op die see gekom, sodat die skuit toe was onder die golwe; maar Hy was aan die slaap.

Mat 8:25 Daarop kom sy dissipels en maak Hom wakker en sê: Here, red ons, ons vergaan!

Mat 8:26 En Hy sê vir hulle: Waarom is julle bang, kleingelowiges? Toe staan Hy op en bestraf die winde en die see, en daar het 'n groot stilte gekom.

Mat 8:27 En die manne het hulle verwonder en gesê: Wat vir 'n mens is Hy, dat selfs die winde en die see Hom gehoorsaam is?

Hoekom is ek hier?



Isa 55:6 Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.

Isa 55:7 Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik.

Isa 55:8 Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE.

Isa 55:9 Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.

Jer 29:11 Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.

Jer 29:12 Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister.

Jer 29:13 En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart.

Jer 29:14 En Ek sal My deur julle laat vind, spreek die HERE, en julle lot verander en julle versamel uit al die nasies en uit al die plekke waarheen Ek julle verdryf het, spreek die HERE; en Ek sal julle terugbring na die plek vanwaar Ek julle in ballingskap weggevoer het.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Hoekom is ek hier?



Rom 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.

Rom 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

Gal 3:27 want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN

